**Sondag 8 Oktober**
**Skrifgedeelte: Kolossense 3:22-24 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Kolossense 3:22-24**
**Ons werk vir die Here!**

Een van die basiese foute wat ons ten opsigte van ons daaglikse werk maak, is dat ons tonnelvisie het. Ons sien net die mense bo en onder ons raak. My werk is ’n saak tussen my en my werkgewer/werknemer en daar eindig dit. Die hoofsaak wat die Bybel ons leer oor ons werk, is dat die Here jou eintlike werkgewer is! Dit is die kern van ’n Bybelse werksetiek en dit is die manier waarop mense binne die werksituasie se gesindhede verander.

Kom ons kyk hoe word hierdie kernsaak aan ons in Kolossense 3:22-24 geleer: Nadat Paulus spesifiek met die slawe gepraat het en gesê het hoe hulle gesindheid moet verander, gaan hy voort en sê: “Wat julle ook al doen ...” Met hierdie woorde kom hy nou by ’n algemene saak, wat vir almal geld in hulle werksituasies. *“Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie.”*

Hoe kry ’n mens dit reg om jou werk van harte te doen, selfs al behandel jou baas jou verkeerd? Jy gaan dit net regkry as jy werklik tot die besef kom dat jou werk alles te doen het met jou verhouding met God. Jy moet besef dat die Here jou eintlike Werkgewer is! En sy opdrag aan jou: “Eer My in alles wat jy doen, ook in jou werk!”

Wanneer ek dit besef, en my werk onder hierdie besef doen, gaan dit ’n merkbare effek op my werk hê. Dit wat my in my werk dryf, gaan verander. My doel, dit waarop al my harde werk en inspanning gemik is, moet nie met geld of eie voordeel verband hou nie. Beskou hierdie dinge eerder as ’n byproduk – en al kan niemand sonder geld klaarkom nie, is die belangrike dat jy nie op geld en eie voordeel ingestel moet wees nie. Dit moet nie jou doel wees nie. Nee, doen dit vir die Here!

Hoe werk mens as jy vir die Here werk? Die manier waarop mens jou werk vir die Here doen, is om dit van harte te doen. Daar staan in vers 22: “Werk met ’n opregte hart uit eerbied vir die Here”, en in vers 23: “Wat jy ook al doen, moet jy uit jou hart doen.” Dit beteken jou hart moet in jou werk wees.

Leer om anders te dink oor jou werk. Ook in jou werk behoort jy aan die Here! Jy werk vir Hom!

*Sing: Psalm 90-1:9*

*Ds. FJ Potgieter (Fritz) (Bloemfontein-Suid)*